

**21 Julie**

**Hosea 5:16-6:6**

(Teks: 6:6)

***Pasop vir oppervlakkige bekering en skuldbelydenis!***

Die Here se skokterapie was bedoel om die volk te laat skrik sodat hulle hulle kan bekeer van hulle liefdeloosheid. Maar hulle skrik het hulle nie gebring by opregte skuldbelydenis nie. Nou dreig die Here dat Hy hom van hulle sal terugtrek (5:15). Daarvoor sien hulle nie kans nie en besluit soos een man "Kom ons gaan terug..." (6:1).

Dit is juis die gevaar! Ons is so bang om sonder God te wees dat ons uit vrees God probeer tevrede hou met oppervlakkige bekering en skuldbelydenis. Ons kan God nie om die bos lei met 'n oorhaastige belydenis sonder om bereid te wees om vir die Here te gee wat Hy vra nie.

Maak u nie dieselfde fout wat Israel gemaak het om te dink dat godsdien slegs die uiterlike vorm is nie? Ek moet kerk toe gaan, my bydraes gee, Bybellees en bid. So 'n godsdien is vrome selfbedrog as dit nie jou lewe verander nie. Geen godsdienstige handeling kan die plaasvervanger wees vir ware toewyding aan die Here nie.

Ons spring te maklik oor die graf na die oorwinning van die opstanding. Ons dink dit was maklik vir God om sy Seun vir ons sondes te gee. Ons staan nie by die graf van ons sondes totdat dit voel of onself bloeddruppels sweet en ons uitroep: My God, my God nie (Rom. 6:6-8). Ons moet voel oor ons sonde soos God daaroor voel. Dan sal ons in verwondering staan omdat God bereid is om lank te wag vir opregte skuldbelydenis (Rom. 2:4).

Sing Psalm 18:12 en 13Ds. M.E. Schalekamp (Potchefstroom-Mooirivier)